JAKARANDA

LESLEY HENDERSON
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Jacaranda mimosifolia D. Don, wat algemeen as jakaranda bekend is, behoort tot die familie Bignoniaceae. Dit is in baie dele van Suid-Afrika as 'n ornamentele en skaduboom gewild (Fig. 1). Die administratiewe hoofstad, Pretoria, staan as die Jakarandastad bekend, danksy die derduisende jakarandabome wat sy strate versier. Hierdie mooi boom is egter besig om 'n indringer te word en is 'n potensiële bedreiging vir die inheemse plantegroei in die subtropiese streke van die land, veral in die Oos-Transvaalse platorand en Laeveld.

MORFOLOGIE

Die jakaranda is 'n vinnig groeiende boom wat 'n hoogte van 15 tot 22 m kan bereik. Dit het 'n redelik donkergroen, geronde en wydvertakte kroon. Die jong bas is glad en liggrys, maar namate die boom ouer word, word die bas growwer, met 'n donkerder bruingrys kleur. Die varingagtige blare is teenoorstandig gerangskik, dubbelsaamgestel met 12 of meer vere en 'n lengte van 200 tot 400 mm. Die blaartjies is langwerpig-ruitvormig met 'n grootte van tot 10 x 2 mm. Waar die boom in die binneland voorkom, is dit gewoonlik bladwisselend en verkleur die blare in die laatherfs en winter na geel (Fig. 3). Die bome is slegs in die vroeë lente sonder blare.

In die laatlente en vroegsomer produseer die bome 'n oorvloed aanskoulike buisvormige, bloupers blomme wat in groot trosse aan die punte van die takkies gedra word (Fig. 2). Die blomkleur kan varieer van donkerblou tot ligpers en wit. Waar die boom bladwisselend is, verskyn die blomme gewoonlik voor die blare en vertoon gevolglik op hul beste. Die indiwiduele blomme is ongeveer 30 mm lank en is aan die buitekant met kort, sagte, fluweelagtige haartjies bedek. Uit die blomme ontwikkel platterige, breed-ovaalvormige houtagtige

FIG. 1. Die jakaranda is 'n sierboom van Suid-Amerikaanse oorsprong
FIG. 2. (Inlas) Blomme en kapsules aan die punt van 'n tak

FIG. 3. Jakaranda-indringing in die Oos-Transvaalse Laeveld. Die blare het geel verkleur

kapsules met golwende rande (Fig. 2). Hulle word ongeveer 60 mm lank, verkleur van groen na bruin en bars na omtrent 'n jaar oop om talle plat, gevlerkte sade vry te stel.

Die enigste Suid-Afrikaanse boom waarmee die jakaranda moontlik verwar kan word, is Vanwykshout (*Bolusanthus speciosus* (H. Bol.) Harms) wat tot die familie Fabaceae (ertjiefamilie) behoort. Vanwykshout dra, net soos die jakaranda, in die lente aanskoulike takkies persblou blomme aan die punte van hoofsaaklik blaarlose takke. Vanwykshout verskil van die jakaranda daarin dat dit 'n kleiner, veelstammige boom is wat 'n hoogte van slegs 5 tot 6 m bereik. Dit het neerhangende liggroen blare en die kroon is nie so wydvertak nie. Die ertjievormige blomme word gevolg deur klein, plat, bruinerige peule met 'n lengte van 60 tot 80 mm.

OORSPRONG EN VERSPREIDING

Die jakaranda is inheems in noordwestelike Argentinië waar dit hoofsaaklik op rivieroewers in warmer gematigde, halfvogtige grasveldtoestande groei. Dit is een van ongeveer 50 *Jacaranda* spp. wat inheems in tropiese Amerika is.

Twee jakarandabome is in 1888 deur mnr. J.D. Celliers uit Brasilië na Suid-Afrika gebring. Hy het hulle in sy tuin in Myrtle Lodge, Sunnyside, Pretoria, geplant. Ongeveer 10 jaar later is met grootskaalse aanplanting van jakarandas in Pretoria begin. Saad is uit baie bronne, onder andere Australië, Hawaii en verskeie Afrikalande, verkry. Teen 1980 was daar na beraming meer as 50 000 jakarandabome langs die strate van Pretoria.

Jakarandas is al oor die lengte en breedte van die Republiek geplant, met die uitsondering van gebiede waar strawwe ryp voorkom. Hulle versprei spontaan (dit wil sê hulle is al ingeburger) in die warmer gematigde, subtropiese en tropiese gedeeltes van die somerreënstreek, van die Oos-Kaap deur Natal tot in Noord-Transvaal. Hulle dring die kus- en binnelandse woude, klam bosveld en bosland, bosryke klowe en rivierbosland binne. Jakarandas is veral prominent langs die valleie van die Krokodil- en Elandsrivier in die Oos-Transvaalse Laeveld en in die Transvaalse Drakensbergplatorand.

GEVAAR

Jakarandas is 'n potensiële bedreiging vir die bewaring van inheemse woud-, bos- en oewerplantgemeenskappe in die subtropiese en tropiese streke van Suid-Afrika.

WETGEWING

Daar is al voorgestel dat die jakaranda tot indringerplant in Suid-Afrika verklaar word, maar geen wetgewing is tot dusver ingedien nie.

BEHEER

Jakarandas verbos wanneer dit afgekap word en dring in wanneer die saad deur die wind versprei word. Saailinge kan met die hand uit klam grond uitgetrek word en jong boompies moet uitgegrawe word. Om verbossing van hergroei te voorkom, moet bome onderkant die grondoppervlak geringeleer of afgekap word.

Met die ter perse gaan van hierdie bladskrif is daar nog geen onkruiddoders vir jakaranda geregistreer nie.

Uitgegee deur die Departement van Landbou-ontwikkeling en verkrygbaar van die Direktoraat Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria 0001
Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur die Staatsdrukker, Pretoria

1990